God se stem...

Hoe weet jy die Here is met jou besig?

Dallas Willard sê in sy boek Hearing God:
"Our contentment lies not in his presents but in the presence of the One whose presents they are! "

God laat Homself hoor deur sy deur sy teenwoordigheid, wat deel is van ons alledaagse lewe, en nie altyd deur tekens wat ons baiekeer soek nie.

By geleentheid kom Paulus by ongelowiges in Athene aan, en hy gee 'n waarheid wat ons help om God te hoor.

Hand 17
24God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hý is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. 25Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. 26Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. 27God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, 28want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.

Gee God soms duidelike tekens of uitroepe vir ons?

Wel dit kan soms gebeur, sommige mense het al vir God so gehoor, vir ander het God, soos Gideon, 'n teken gegee.
Maar Paulus wil iets kom vertel van 'n ander belewenis van God, en hoe Hy werk, en hoe Hy Homself laat hoor.
Hoe beleef Paulus die Here?
Nie as 'n God wat maklik sommer tekens gee nie, maar die belangrike waarheid: Deur God lewe ons, beweeg ons en bestaan ons!

God se wil, en sy stem, en sy genade en goedheid is deel van sy deel-wees van ons hele lewe.
En nie net in goeie tye nie, maar juis ook in moeilike, uitdagende tye!
Want God kan nie verskyn en iets sê of laat gebeur, en dan weer verdwyn en dan sê Hy niks verder nie.

'n Paar gedagtes vir die Week

1. Hoe hoor jy praat die Here met jou?
2. Dink aan alledaagse dinge waardeur jy weet die Here is by jou.
3. Wat beteken dit vir jou in jou eie woorde: Deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...